# Eldo-Gespreksgids

## God se koninkryk werk anders

Ons leef in ’n wêreld waar waarde dikwels gemeet word aan prestasie. Van kleins af leer kinders om hulself met ander te vergelyk: wie is vinniger, slimmer, sterker, of meer gewild? Hierdie druk hou nie op wanneer ons groot word nie, dit verander net van vorm. Later meet ons sukses aan geld, status en erkenning. So raak ons maklik soos ’n hamster op ’n wiel: altyd besig om te draai, maar nooit regtig tevrede nie.

Die Bybel help ons egter om anders na sukses te kyk. In die koninkryk van God werk die lewe anders. In 1 Samuel 16 stuur God vir Samuel om ’n nuwe koning te salf. Samuel kyk na die sterk, indrukwekkende seuns, maar God verwerp hulle almal. Uiteindelik bring hulle Dawid wat die jongste is, ’n skaapwagter, iemand wat nie eens as “koningsmateriaal” beskou is nie. Tog kies God hom. Waarom? Vers 7 sê: “Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here kyk na die hart.”

Dawid was soos daardie legkaartstuk wat ander sou uitlos en nie as belangrik genoeg geag het nie. Maar in God se legkaart is elke stuk noodsaaklik. Elkeen het ’n plek en ’n doel. God se koninkryk werk nie volgens die wêreld se standaarde nie. Hy sien waarde waar mense dit miskyk. Waarde het ’n ander betekenis in die koninkryk van God.

Dit beteken ook vir ons iets vandag: jy hoef nie iemand anders te wees om waardevol te wees nie. Jy hoef nie te voldoen aan ander mense se verwagtinge om betekenis te hê nie. Soos Dawid, gebruik God gewone mense, mense wat beskikbaar is, wat Hom vertrou, en wat bereid is om te wees wie Hy hulle gemaak het.

Die vraag is dus nie: “Is ek goed genoeg volgens die wêreld nie?” maar eerder: “Leef ek as iemand wat aan God behoort?” Want in Hom het elkeen van ons ’n plek, ’n unieke, onmisbare stuk van Sy legkaart.

### Gespreksvrae

- Op watter maniere meet jy soms jou en ander se waarde?
- Wat beteken dit prakties vir jou dat God anders na die waarde van mense kyk?
- Hoe kan jy hierdie week leef as iemand wat weet jy is ’n belangrike “legkaartstuk” in God se koninkryk?

**19 April 2026**

NG ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Familie met ’n missie